

**Maandag 11 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 45**

**Fokusgedeelte: Psalm 45:7, 8**

**Ons moet as bruid die bruilofslied van ons Koning-Bruidegom sing!**

Psalm 45, sê die opskrif, is 'n gedig. Die digter het die groot opdrag gekry om 'n gedig te skryf oor die bruilof van die koning, 'n lied van die liefde!

Wie die koning was, maak nie soveel saak nie. Dit gaan hier oor Iemand wat groter is as 'n gewone aardse koning en bruidegom. Ons sien dit alreeds in vers 7 waar die koning beskrywe word as 'n verhewe en goddelike wese. Sy troon staan vir altyd vas. Hy laat geregtigheid geskied. En dan volg die hoogtepunt in vers 8. God het Hom self tot koning gesalf. Die Hebreërskrywer haal die twee verse (Heb. 1:8, 9) aan en en maak dit direk van toepassing op Jesus Christus!

Die digter skryf dus nie maar net 'n mooi paslike gediggie nie. Hy skryf 'n gedig wat gaan oor dié koning wat Gesalfde van die Here is. Jesus Christus is met sy doop deur die Heilige Gees tot ons ewige Koning gesalf. Hy regeer vir altyd en Hy laat reg en geregtigheid geskied. Hy is ook die Bruidegom wat sy bruid versamel tot die ewige lewe! Die bruid is sy kerk. Ons ewige Koning moes egter veg vir sy bruid (vs 4-6). So groot is sy liefde vir haar dat sy bruid-skat sy eie lewe is. Let op sy trouklere wat met mirre, aalwyn en kaneel gegeur is (vs 9). Dit is die mengsel waarmee Jesus se liggaam gebalsem is (vgl. Joh. 19:39).

As bruidskerk van ons ewige Koning-Bruidegom word ons opgeroep om die bruilofslied te sing in afwagting en verlange na sy koms.

*Sing: Psalm 45:1, 6 (1936)*

*Ds. AL (Abrie) Pelser (Bethlehem)*